# my taal

Ook in hierdie taal
pars die sappe deur
my tone
my woorde gis in
vate diep
verouderd
Ook in hierdie tong
ontkurk ek oesjaar
na oesjaar
iets volmondig
My taal se boord lê
dragtig
sy lote priem die
grond
ek breek sy trosse weg
na mandjies gevleg uit
laasjaar se misoes
My taal is nagmaal
en offerande
gemmer en rose
met sorg deur die
lug geskink
soms lig, soms
swaar, soms droog
soms in-die-kies-gebreek
verbitterd
dan weer soet op
die lippe
soos 'n laatoes druif
Weet dit
my komvandaan:
ek woon in jou
en jy in my

Steve Hofmeyr

Vol. VIII